VISIE & MISSIE

VISIE

Die skool waar leerders toegerus word.

MISSIE

Ons strewe na ‘n Lardie wat:

trots is op sy/haar skool met al sy tradisies en gebruike;

gebalanseerd betrokke is en so goed as moontlik presteer;

‘n netjiese, gelukkige, gedissiplineerde, gemotiveerde, hoflike en verantwoordelike leerder is;

met die volgende waardes toegerus word: integriteit, lojaliteit, respek, nederigheid, en goedhartigheid; indien hy/sy Laerskool Elarduspark verlaat, volkome toegerus sal wees vir die lewe daar buite en die geweldige eise van die toekoms;

Ons strewe na ‘n Personeellid wat:

sy/haar talente en gawes aanwend in die beplanning en verwesenliking van ons doelwitte;

bereid is om die belange van leerders voor sy/haar eie belang te stel en bereid is om kollegiale lojaliteit te betoon; tuis sal voel in ons span.

Ons strewe na ‘n Ouer wat:

alles vir sy/haar kind se opvoeding feil het en die skool se waardes hoog ag;

gebalanseerd betrokke is by die skool en positief belangstel en ondersteun;

‘n lojale en stewige vennoot sal wees;

volle beheer en kontrole oor hulle kinders sal hê.

Ons strewe na ‘n Skool:

waarin elkeen wat ons missie onderskryf, tuis sal voel;

waarop elkeen wat daaraan verbonde is, met reg trots kan wees;

waarop ‘n goeie lewenstandaard gestel sal word;

met sy eie besonderse karakter, etos en tradisies.